# HOOFSTUK IV.

## ONTLEDING VAN DIE BESTAANDE LAERSKOOL-ROOSTERS IN TRANSVAAL.

### A. ONTLEDING:

Soos reeds in hoofstuk I gemeld, het die ondersoeker 'n groot aantal laerskoolhoofde per brief genader om afskrifte van hul skoolroosters aan die ondersoeker te stuur. Die roosters wat op die wyse verkry is, is verteenwoordigend, op een na, van die hele Transvaal d.w.s. dit is afkomstig uit al die Inspeksiekringe en Skoolraadsgebiede. Sorg is ook gedra dat daar roosters verkry is van groot, middelmatige asook van klein skole uit die verskillende streke van die provinsie.

Die volgende gegewens is saamgestel uit die verkreë skoolroosters:

1. Indeling van die roosters volgens Skoolraadsgebied.
2. Indeling van die roosters volgens die ligging, van en graad van die skool.
3. Aantal sessies en aanvangsuur van die skooldag.
4. Lengte van skooldag.
5. Aantal periodes per skooldag.
6. Lengte van periodes.
7. Verspreiding van pouses en voeding.
8. Vakke wat onderrig word.
9. Verspreiding van die vakke oor die werkdag.
10. Die gemiddelde hoeveelheid tyd per week en die persentasie tyd wat in elke standerd aan die verskillende vakke bestee word.

TABEL XXXV

1) INDELING VAN ROOSTERS VOLGENS SKOOLRAADSGEBIED.

| Skoolraadsgebied. | Aantal Skole in Skoolraadsgebied. | Aantal Roosters Aangevra | Aantal Roosters Ontvang | Aantal Roosters Onbruikbaar | Aantal Roosters Gebruik |
|---|---|---|---|---|---|
| Barberton | 19 | 11 | 3 | 0 | 3 |
| Ermelo | 14 | 10 | 2 | 0 | 2 |
| Heidelberg | 13 | 8 | 3 | 1 | 2 |
| Klerksdorp | 15 | 9 | 1 | 0 | 1 |
| Lichtenburg | 22 | 13 | 3 | 0 | 3 |
| Lydenburg | 19 | 11 | 2 | 1 | 1 |
| Marico | 16 | 11 | 1 | 1 | 0 |
| Middelburg | 29 | 15 | 4 | 1 | 3 |
| Pietersburg | 28 | 18 | 7 | 1 | 6 |
| Potchefstroom | 29 | 11 | 4 | 1 | 3 |
| Pretoria-distrik | 40 | 16 | 3 | 0 | 3 |
| Pretoria-stad | 55 | 28 | 8 | 1 | 7 |
| Rustenburg | 28 | 5 | 1 | 0 | 1 |
| Standerton | 25 | 5 | 1 | 0 | 1 |
| Vereeniging | 28 | 15 | 3 | 0 | 3 |
| Waterberg | 29 | 12 | 0 | 0 | 0 |
| Witwatersrand-Sentraal | 106 | 32 | 13 | 0 | 13 |
| " -Oos | 85 | 35 | 9 | 3 | 6 |
| " )Wes | 47 | 24 | 6 | 0 | 6 |
| Wolmaransstad | 21 | 11 | 2 | 0 | 2 |
| Totaal | 668 | 300 | 76 | 10 | 66 |

## TABEL XXXVI

2) INDELING VAN DIE ROOSTERS NAGEGAAN VOLGENS DIE GRAAD VAN DIE SKOOL.

| Graad: | PA. | PB. | PC. | PD. | PE. | PF. | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal: | 30 | 4 | 8 | 11 | 7 | 6 | 66 |

## TABEL XXXVII

INDELING VAN DIE SKOLE WAARVAN DIE ROOSTERS NAGEGAAN IS VOLGENS DIE LIGGING EN DIE GRAAD VAN DIE SKOLE.

| Ligging van Skool | Graad van Skool | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PA. | PB. | PC. | PD. | PE. | PF. | TOTAAL |
| Johannesburg-Sentraal | 5 | 2 | 4 | 1 | 1 | 0 | 13 |
| Pretoria-Stad | 5 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 |
| Randse Dorpe | 6 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 9 |
| Plattelandse Dorpe | 14 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 15 |
| Platteland | 0 | 0 | 1 | 9 | 6 | 6 | 22 |
| Totaal | 30 | 4 | 8 | 11 | 7 | 6 | 66 |

(3) Aantal Sessies en Aanvangsuur van die Skooldag.

(i) Aantal Sessies:

Die ses en sestig skole waarvan die roosters nagegaan is, is almal van die een-sessie tipe; d.w.s. die skool begin in die oggend en verdaag smiddae vir ete en vir die res van die dag.

(ii) Aanvangsuur van die Skooldag:

Ongelukkig word daar nie op al die roosters aangedui hoe laat die skool in die oggend begin nie. Op 36 van die roosters is dit wel aangedui en daaruit word die volgende afgelei:

1. Gedurende die wintermaande begin baie skole later as in die somer. Sommige skole se winters- en somers-aanvangsuur verskil met 'n kwartier; sommige weer met 'n halfuur. Die gebruik van verskillende tye in die winter en somer blyk taamlik algemeen te wees op die platteland. Volgens die ontleding van die roosters kom dit baie minder voor in die stedelike gebiede t.w. die Witwatersrand en Pretoria. 'n Faktor wat moontlik in hierdie verband 'n rol speel, is die vervoer van die leerlinge.

2. Die tyd waarop die skole in die oggend open, hang blykbaar ook tot 'n groot mate van plaaslike omstandighede af. Die somerstye varieer vanaf 7.30 vm. tot 8.10 vm. en die winterstye vanaf 8.00 vm. tot 8.30 vm. 'n Opmerking wat in hierdie verband geld is dat plattelandse skole oor die algemeen in die somer vroeër begin as die stedelike skole en in die winter later.

## TABEL XXXVIII.

4) GEMIDDELDE LENGTE VAN DIE SKOOL~~DAG~~week VIR DIE STANDERDS VOLGENS DIE LIGGING VAN DIE SKOLE.

| Ligging | Gemiddelde Lengte van Skool~~dag~~week. |
|---|---|
| Randse skole. | 27 uur 18 min. |
| Pretoria-Stad. | 26 uur 19 min. |
| Platteland. | 26 uur 23 min. |
| Totaal Gemiddelde | 26 uur 40 min. |

## TABEL XXXIX

VERGELYKING TUSSEN DIE GEMIDDELDE LENGTE VAN DIE SKOOL~~DAG~~week VIR STANDERDS IN DIE DRIE SKOOLRAADSGEBIEDE AAN DIE WITWATERSRAND.

| Skoolraad. | Gemiddelde Lengte van Skool~~dag~~week. |
|---|---|
| Witwatersrand-Sentraal | 27 uur 28 min. |
| " -Oos | 27 uur 19 min. |
| " -Wes | 27 uur 6 min. |
| Witwatersrand (geheel) | 27 uur 18 min. |

## TABEL XL

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE LENGTE VAN DIE SKOOL~~DAG~~week VIR STANDERDS IN SKOLE OP PLATTELANDSE DORPE EN PLAASSKOLE (SENTRALE SKOLE).

| Ligging | Gemiddelde Lengte van Skool~~dag~~week. |
|---|---|
| Plattelandse Dorpe | 26 uur 33 min. |
| Plattelandse Skole (Plaasskole, Sentraal, ens.) | 26 uur 13 min. |
| Platteland as geheel | 26 uur 23 min. |

Die Departementele Regulasies bepaal dat die skoolweek nie korter mag wees as 22½ uur en nie langer as 25 uur nie, sonder inbegrip van pouses. Dit gee dus 'n skooldag van 5 tot 5½ uur as 'n halfuur per dag vir pouses toegelaat word. Volgens die ontleding van die roosters bly byna 100% van die skole binne hierdie grense.

Volgens Tabelle No. XXXVIII - XL hou die skole aan die Rand ietwat langer skool as die skole op die platteland; en op die platteland weer is die skooldag op die dorpe ietwat langer as op die plaasskole. L.W. Die gemiddelde word hier slegs geneem, daar bestaan wel indiwiduele gevalle waar die saak andersom is.

5. Aantal Periodes per Skooldag:

Die getal periodes per skooldag varieer vanaf 9 tot 14 sonder inbegrip van voeding en pouses.

TABEL XLI.

6) DIE GEMIDDELDE LENGTE VAN DIE PERIODES IN MINUTE VIR DIE VERSKILLENDE VAKKE.

| Vakke | Gr. i | Gr. ii | St. 1 | St. 2 | St. 3 | St. 4 | St. 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Godsdiens | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 |
| Rekene | 42 | 44 | 47 | 48 | 47 | 49 | 48 |
| Natuurkennis | 18 | 20 | 27 | 28 | 29 | 30 | 30 |
| Geskiedenis | – | – | 27 | 28 | 28 | 30 | 30 |
| Aardrykskunde | 17 | 20 | 27 | 28 | 28 | 30 | 31 |
| Gesondheidsleer | 15 | 15 | 25 | 30 | 32 | 31 | 33 |
| Ligg. oefeninge | 10 | 10 | 15 | 15 | 21 | 21 | 21 |
| Musiek en Sang | 15 | 15 | 24 | 30 | 38 | 41 | 42 |
| Kuns | 20 | 20 | 30 | 30 | 30 | 30 | 30 |
| Kunsvlyt en Naaldwerk | 25 | 30 | 42 | 78 | 92 | 92 | 92 |
| Handskrif | 21 | 20 | 35 | 26 | 35 | 30 | 25 |
| Eerste Taal | | | | | | | |
| Lees | 30 | 30 | 30 | 30 | 32 | 34 | 33 |
| Taalwerk | 20 | 20 | 25 | 30 | 30 | 30 | 32 |
| Opstel | 20 | 21 | 25 | 28 | 30 | 31 | 34 |
| Resiteer | 18 | 17 | 20 | 25 | 27 | 30 | 30 |
| Spelling | 10 | 10 | 12 | 15 | 15 | 15 | 15 |
| Tweede Taal. | | | | | | | |
| Lees | – | – | 28 | 28 | 30 | 30 | 31 |
| Praat | 18 | 18 | 15 | 17 | 20 | 18 | 20 |
| Skriftelike werk | – | – | 25 | 30 | 30 | 30 | 30 |
| Resiteer | 17 | 18 | 24 | 26 | 27 | 30 | 31 |
| Spelling | – | – | 10 | 12 | 18 | 20 | 20 |

Die lengte van die periodes varieer van 15 minute tot 35 minute behalwe in die geval van Rekene en Kunsvlyt waar,die periodes aansienlik langer is.

TABEL XLII

(7) VERSPREIDING VAN POUSE EN VOEDING.

| | |
|---|---|
| Aantal skole met 1 pouse per dag | - 6 |
| Aantal skole met 2 pouses per dag | - 56 |
| Aantal skole met 3 pouses per dag | - 4 |
| Totaal | 66 |

In die geval van skole met een pouse per dag is die gemiddelde tyd wanneer die pouse gegee word 2 uur en 20 minute na die opening; in die geval van 2 pouses per dag 1 uur 35 minute na die opening en in die geval van 3 pouses 1 uur 20 minute na die opening.

Die lengte van die pouse in die geval waar dit een keer per dag geneem word is gemiddeld 30 minute. In die geval van twee keer per dag: gemiddeld 10 minute vir die eerste en 20 minute vir die tweede pouse. In die geval van drie keer per dag pouse: gemiddeld 5 minute vir die eerste, 20 minute vir die tweede en 5 minute vir die derde.

Die lengte van die sittings in skole wat een keer pouse het, is dan ongeveer 2 uur 15 minute tot 2 uur 20 minute; in skole met twee pouses beloop elk van die drie sittings ongeveer 1 uur 35 minute tot 1 uur 40 minute; in skole met drie pouses duur die verloop van elk van die vier sittings gemiddeld 1 uur 15 minute tot 1 uur 20 minute.

Van die 66 skole bedien 57 voeding en wel as volg: Voeding word bedien binne die eerste 2 ure nadat die skool begin het: 42 skole bedien voeding net voor 'n pouse; 12 skole bedien voeding sonder om 'n pouse direk daarna te gee; 3 skole bedien voeding net na 'n pouse; 3 skole bedien twee keer per dag voeding - die een baie vroeg en die ander gewoonlik 2 uur later.

## 8. VAKKE WAT ONDERRIG WORD.

### TABEL XLIII.

Die vakke wat onderrig word in die laerskole waarvan die roosters ondersoek is.

Eerste Taal.

Tweede Taal.

Rekene.

Natuurkennis.

Geskiedenis.

Aardrykskunde.

Gesondheidsleer.

Skrif.

Bybelonderrig.

Handwerk (Kunsvlyt, Naaldwerk, Tuinbou).

Liggaamlike Opvoeding.

Sang.

Kuns.

Verder verskyn daar op die roosters van sommige skole periodes vir die volgende.

| | |
|---|---|
| Filmvertonings. | 21 skole. |
| Biblioteek en Stillees | 18 skole. |
| Algemene Kennis. | 4 skole. |
| Netheidinspeksie. | 5 skole. |
| Boekinspeksie. | 1 skool. |
| Padveiligheid. | 2 skole. |
| Aanvulling. | 2 skole. |
| Wêreldnuus. | 1 skool. |
| Boekopvoeding. | 1 skool. |
| Volkspele. | 5 skole. |
| Sport. | 3 skole. |
| Beroepsleiding. | 1 skool. |
| Algemeen. | 2 skole. |
| Albumwerk. | 1 skool. |
| Radioles. | 1 skool. |

9. VERSPREIDING VAN DIE VAKKE OOR DIE WERKDAG.

Wat die eerste deel van die dag betref, is die patroon hier baie eenders nl.:

Bybelonderrig en Rekene net na die aanvang van die skool. Van die 66 skole begin 56 die skooldag met Bybel of Opening (wat ook as Bybelonderrig gereken word). Nege skole begin die skooldag met Liggaamsoefeninge. (Dit kom veral voor in die warmer dele van die provinsie). Een skool begin die skooldag met Gesondheidsleer.

Na die onderrig van Rekene kom verskillende vakke aan die beurt en kan daar vir die res van die skooldag nie 'n vaste patroon vasgestel word nie, behalwe dat die praktiese vakke soos Kuns, Kunsvlyt en Naaldwerk gewoonlik gedurende die laaste periodes van die skooldag onderrig word.

TABEL XLIV

10) GEMIDDELDE HOEVEELHEID TYD IN URE EN MINUTE PER WEEK EN PERSENTASIE TYD WAT IN ELKE STANDERD AAN DIE VERSKILLENDE VAKKE IN 66 TRANSVAALSE LAERSKOLE BESTEE WORD. (1956).

| | Gr. i | | Gr. ii | | St. I | | St. II | | St. III | | St. IV | | St. V | | Gr. 1 - St. 5. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vakke | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % | Tyd | % |
| Eerste taal | 4 uur 53 m. | 20.3 | 4 uur 55 m. | 20.3 | 4 uur 34 m. | 17.2 | 4 uur 33 m. | 17.1 | 4 uur 36 m. | 17.3 | 4 uur 39 m. | 17.4 | 4 uur 36 m. | 17.3 | 32 uur 46 m. | 18.0 |
| Tweede taal | 2 uur 55 m. | 12.1 | 3 uur 6 m. | 12.8 | 4 uur 22 m. | 16.4 | 4 uur 30 m. | 16.9 | 4 uur 39 m. | 17.4 | 4 uur 44 m. | 17.8 | 4 uur 46 m. | 17.9 | 29 uur 2 m. | 16.0 |
| Rekene | 3 uur 32 m. | 14.6 | 3 uur 42 m. | 15.3 | 3 uur 57 m. | 14.8 | 3 uur 59 m. | 14.9 | 3 uur 57 m. | 14.8 | 4 uur 3 m. | 15.2 | 4 uur 2 m. | 15.1 | 27 uur 12 m. | 15.0 |
| Natuurkennis | 36 m. | 2.5 | 40 m. | 2.8 | 54 m. | 3.4 | 57 m. | 3.6 | 58 m. | 3.6 | 59 m. | 3.7 | 1 uur 1 m. | 3.8 | 6 uur 5 m. | 3.4 |
| Geskiedenis | - | - | - | - | 54 m. | 3.4 | 57 m. | 3.6 | 58 m. | 3.6 | 59 m. | 3.7 | 1 uur 0 m. | 3.8 | 4 uur 48 m. | 2.6 |
| Aardrykskunde | 34 m. | 2.4 | 39 m. | 2.7 | 53 m. | 3.3 | 56 m. | 3.5 | 58 m. | 3.6 | 1 uur 0 m. | 3.8 | 1 uur 1 m. | 3.8 | 6 uur 1 m. | 3.3 |
| Gesondheidsleer | 33 m. | 2.3 | 32 m. | 2.2 | 34 m. | 2.1 | 35 m. | 2.2 | 37 m. | 2.3 | 36 m. | 2.3 | 38 m. | 2.4 | 4 uur 5 m. | 2.2 |
| Skrif | 1 uur 44 m. | 7.2 | 1 uur 34 m. | 6.5 | 1 uur 9 m. | 4.3 | 53 m. | 3.3 | 35 m. | 2.2 | 21 m. | 1.3 | 16 m. | 1.0 | 6 uur 32 m. | 3.6 |
| Bybelonderrig en Godsdiens | 2 uur 31 m. | 10.4 | 2 uur 26 m. | 10.1 | 2 uur 27 m. | 9.2 | 2 uur 27 m. | 9.2 | 2 uur 28 m. | 9.3 | 2 uur 26 m. | 9.1 | 2 uur 25 m. | 9.1 | 17 uur 10 m. | 9.5 |
| Kuns | 16 m. | 1.1 | 15 m. | 1.0 | 16 m. | 1.0 | 16 m. | 1.0 | 16 m. | 1.0 | 16 m. | 1.0 | 16 m. | 1.0 | 1 uur 51 m. | 1.0 |
| Handwerk | 1 uur 16 m. | 5.3 | 1 uur 18 m. | 5.4 | 1 uur 28 m. | 5.5 | 1 uur 32 m. | 5.8 | 1 uur 32 m. | 5.8 | 1 uur 32 m. | 5.8 | 1 uur 32 m. | 5.8 | 10 uur 10 m. | 5.6 |
| Liggaamsoefeninge | 52 m. | 3.6 | 44 m. | 3.0 | 44 m. | 2.8 | 43 m. | 2.7 | 42 m. | 2.6 | 43 m. | 2.7 | 43 m. | 2.7 | 5 uur 11 m. | 2.9 |
| Sang | 48 m. | 3.3 | 48 m. | 3.3 | 48 m. | 3.0 | 45 m. | 2.8 | 42 m. | 2.6 | 41 m. | 2.6 | 42 m. | 2.6 | 5 uur 14 m. | 2.9 |
| Voeding | 50 m. | 3.5 | 49 m. | 3.4 | 48 m. | 3.0 | 47 m. | 2.9 | 47 m. | 2.9 | 47 m. | 2.9 | 47 m. | 2.9 | 5 uur 35 m. | 3.1 |
| Pouse | 2 uur 38 m. | 10.9 | 2 uur 33 m. | 10.5 | 2 uur 35 m. | 9.7 | 2 uur 36 m. | 9.8 | 2 uur 36 m. | 9.8 | 2 uur 35 m. | 9.7 | 2 uur 35 m. | 9.7 | 18 uur 8 m. | 10.0 |
| Diverse + | 8 m. | .6 | 10 m. | .7 | 14 m. | .9 | 14 m. | .9 | 19 m. | 1.2 | 19 m. | 1.2 | 20 m. | 1.3 | 1 uur 44 m. | 1.0 |
| Totaal | 24 uur 6 m. | 100.1 | 24 uur 11 m. | 100. | 26 uur 37 m. | 100. | 26 uur 40 m. | 100.2 | 26 uur 40 m. | 100. | 26 uur 40 m. | 100.2 | 26 uur 40 m. | 100.2 | 181 uur 34 m. | 100.1 |

\+ Dit sluit in tye vir o.a. Aanskouingsonderwys (Filmvertoning), Biblioteekwerk. Boekopvoeding.

## B. GEVOLGTREKKINGE.

Wanneer die ontleding van die aantal Transvaalse Laerskoolroosters wat nagegaan is, getoets word in die lig van die tegniese aspekte by roostersamestelling, dan vind ons die volgende:

(a) Die lengte en sittingstye van die skooldag:

Die lengte van die skooldag in die sekere aantal laerskole, val binne die perke soos deur die owerhede voorgeskryf. Die lengte van die skooldag is by die meerderheid van die skole nader aan die maksimumtyd wat toegelaat word as aan die minimumtyd wat vereis word. Die gemiddelde lengte van die skooldag is 5 uur 20 minute vir standerds 2 tot 5 teenoor die 5 uur 30 minute wat as maksimum toegelaat word deur die Transvaalse owerheid. In die grade en standerd I is die gemiddelde skooldag ook na aan die maksimum toelaatbare tyd.

Die lengte van die skooldag in Transvaalse laerskole soos bevind deur hierdie ondersoek, kom min of meer ooreen met tye in die buiteland. In onderstaande tabel word die mediaan lengte van die skooldag in ure en minute weergegee soos in gebruik in laerskole in 'n groot aantal stede in die Verenigde State van Amerika in 1948. Daarnaas word die gemiddelde lengte van die skooldag weergegee soos in gebruik in 66 verteenwoordigende laerskole in Transvaal in 1956.

TABEL XLV

LENGTE VAN DIE SKOOLDAG IN AMERIKA EN TRASVAAL SOOS IN DIE PRAKTYK IN 'N AANTAL VERTEENWOORDIGENDE LAERSKOLE.

| | Lengte van skooldag in ure en minute. | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 ste jr. | 2 de jr. | 3 de jr. | 4 de jr. | 5 de jr. | 6 de jr. | 7 de jr. |
| Verenigde State van Amerika (1948) | 4.30 | 4.30 | 4.30 | 5. 0 | 5. 0 | 5. 0 | - |
| Transvaal (1956) | 4.49 | 4.50 | 5.19 | 5.20 | 5.20 | 5.20 | 5.20 |

Die ondersoeker beveel aan dat, sover moontlik, die maksimum tyd skoolgehou word om aan die groot aantal vakke reg te laat geskied. Om die skooldag egter te verleng is onwenslik, daar so 'n lang skof te vermoeiend vir leerling en onderwyser sal wees. Dit sal ook tot gevolg hê dat leerlinge in die middag te laat by hulle huis sal kom.

Om vermoeidheid te voorkom is dit wenslik dat skole in die warmer streke in die somer vroeg begin om die hitte van die middag te vermy.

By skole waar kinders baie lang afstande per bus, ens. moet aflê, behoort die skooldag korter te wees, d.w.s. eerder nader aan die minimum as aan die maksimum tyd. Kinders wat op die eindpunt van 'n busroete van sê 20 myl woon en dan miskien nog drie myl van die bushalte af is, se skooldag is noodwendig van 2 tot 3 uur langer as die offisiële tyd. Dit kan dan beteken dat so 'n leerling se skoolweek van 37½ tot 42½ uur kan wees i.p.v. 27½ uur. Daarby kom dit nog dat sulke leerlinge baie vroeg moet opstaan en veral in die winter geen behoorlike oggendete kan nuttig nie. In die middag kom hulle na die maal tuis. Die middag is dan ook so kort dat daar weinig tyd oor is vir huiswerk of ontspanning.

Wat die sittingstye betref, is dit reeds aangedui dat die 66 laerskole waarvan die roosters nagegaan is, almal van die een-sessie tipe is. Volgens 'n verklaring van die Direkteur van Onderwys, het hierdie tipe skool in Transvaal tradisie geword.

In 'n moderne land soos die Verenigde State van Amerika, geniet die dubbel-sessie voorkeur. In skole waar die dubbel-sessie toegepas word, word egter voorsiening vir die leerlinge gemaak om hulle ete by die skole in deeglik toegeruste eetsale te nuttig. Alles geskied op koste van die Staat.

Daar is veel te sê vir en teen die enkel-sessie sowel as die dubbel-sessie tipe skool, en geen definitiewe aanbeveling kan in hierdie verband deur die ondersoeker gedoen word nie.

(b) Die aantal leervakke waarvoor voorsiening gemaak moet word:

Volgens die ondersoek, verskyn al die vakke soos voorgeskryf deur die owerheid op die roosters van die 66 skole. Sommige skole bestee tyd aan vakke wat nie voorgeskryf word nie, soos in die ontleding aangedui. Die tyd aan sulke ekstra „vakke" bestee is selde meer as 'n halfuur per week. Waar die maksimum of byna die maksimum tyd skoolgehou word, kan tyd vir sulke ekstra „vakke" op die rooster ingeruim word sonder om juis die verpligte vakke te benadeel.

Die volgende vakke moet op die rooster verskyn: Godsdiensonderrig, Engels, Afrikaans, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Gesondheidsleer, Kunsvlyt, Musiek, Handskrif, Liggaamlike Opvoeding.

(c) Die tyd wat aan elke vak gegee moet word:

Wanneer die aanbevelinge, meninge en voorskrifte van opvoedkundiges en owerhede i.v.m. tydindeling aan die laerskool, onderling vergelyk word en dit weer vergelyk word met die tydindeling soos in die praktyk toegepas, dan kan o.a. die volgende afleidinge gemaak word: Dat die tyd wat prakties in skole aan die verskillende vakke bestee word, gewoonlik min of meer ooreenkom met voorskrifte en aanbevelinge van die owerheid en opvoedkundiges. Waar wel 'n afwyking voorkom, is by die tyd wat aan die moedertaal bestee word. Volgens die gebruike in ander lande o.a. Amerika en Rusland en volgens die mening van opvoedkundiges, is dit duidelik dat daar in Transvaalse laerskole te min tyd bestee word aan die onderwys van die eerste taal.

Die gemiddelde tydsduur wat in die Transvaalse laerskole gebruiklik is, is ongeveer 4 uur 35 minute bv. per week vir die standerds teenoor Rusland se 9 uur per week. In Amerika beloop dit byna net soveel. Indien die tyd toegeken aan die eerste taal in Transvaalse laerskole aansienlik verhoog moet word, sal dit gedoen moet word, ten koste van ander vakke of andersins sal die skoolweek verleng moet word. Die vernaamste rede waarom in Transvaalse laerskole soveel minder tyd aan die onderwys in die eerste taal bestee word as in ander lande, is waarskynlik omdat die roosters in Transvaalse laerskole die ekstra las moet dra van die tweede taal.

Die owerheid skryf nie voor wat die minimum tyd is wat vereis word by die onderrig van die moedertaal nie. Dit word algemeen aanvaar dat die moedertaal belangriker is as die tweede taal en behoort dus meer tyd vir onderrig te ontvang. Die Kaapse Onderwysdepartement[1] skryf in 1937 'n uur per week meer voor vir die moedertaal as vir die tweede taal. Prof. J. Chr. Coetzee[2] beveel ongeveer tweekeer soveel tyd aan vir die moedertaal as die tweede taal. In 'n inspekteursomsendbrief[3] word ook, wat die hoër standerds in die laerskool betref, aanbeveel dat 'n uur per week langer aan die moedertaal as aan die tweede taal bestee word.

Met die ontleding van die 66 skoolroosters van laerskole in Transvaal, word die volgende gemiddeldes bevind: In die grade word daar taamlik meer tyd aan die moedertaal bestee as aan die tweede taal; die verskil behoort egter nog groter te wees. In standerds I en II word daar gemiddeld slegs 'n paar minute per week meer tyd aan die A-

---

1) Taute, Ben, Opvoedende Onderwys, 176.

2) Coetzee, J. Chr., Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde,

3) Inspekteursomsendbrief Nr. 1 van 1956, Kring Q.

taal as aan die B-taal bestee. In standerds III tot V is die saak net andersom, want hier word daar gemiddeld meer tyd aan die B-taal bestee as aan die A-taal. Uit die oog van die opvoedkundige beskou, is hierdie dus 'n wanpraktyk.

Om 'n presiese hoeveelheid tyd aan elke vak aan die laerskool toe te ken is 'n moeilike taak, hoofsaaklik weens die gebrek aan wetenskaplike ondersoek in hierdie verband en ook omdat opvoedkundiges nie altyd ooreenstem oor hierdie saak nie. Die roosteropsteller sal hom hier moet verlaat op: wetenskaplike ondersoek reeds gedoen; opvoedkundige meninge m.b.t. tydtoekenning; die toepassing in verskillende praktyke.

Soos reeds vroeër in hierdie verhandeling aangedui, in Tabel XXVIII, wil dit uit die bevindinge van hierdie ondersoek blyk dat die volgende tydtoekenning per week aan die verskillende vakke in die standerds van die laerskool behoort te geld.

TABEL XLVI.

GEMIDDELDE TYDINDELING PER WEEK VIR DIE LAERSKOOLVAKKE IN DIE STANDERDS DEUR DIE ONDERSOEKER AS REDELIK BESKOU.

| | |
|---|---|
| Moedertaal | 7 uur |
| Tweede Taal | 4 uur 30 minute |
| Rekene | 3 uur 45 minute |
| Godsdiensonderrig | 2 uur 30 minute |
| Kunsvlyt | 1 uur |
| Aardrykskunde | 1 uur |
| Geskiedenis | 1 uur |
| Liggaamsoefeninge | 1 uur 15 minute |
| Handskrif | 1 uur |
| Kuns | 45 minute |
| Musiek en Sang | 1 uur |
| Natuurstudie | 45 minute |
| Gesondheidsleer | 45 minute |
| Totaal | 26 uur 15 minute. |

As die tweede taal uit hierdie lys van vakke geskrap word, kom die totale tyd vir die ander vakke op 21 uur 45 minute per week te staan wat nog ver binne die perke val van die maksimum tyd van 25 uur per week wat toegelaat word in Transvaal. Met die insluiting van die tweede taal sal die roosteropsteller egter verplig wees om die tyd van die ander vakke te besnoei om nie die toelaatbare tyd te oorskry nie. So 'n voorgestelde tydindeling word later volledig in hierdie verhandeling gegee.

(d) Die duur van elke les:

Die gemiddelde lengte van die periodes in die verskillende vakke, soos bevind deur hierdie ondersoek, word weergegee in Tabel XLI. In die standerds is die gemiddelde lengte van periodes selde meer as 30 minute, behalwe in die geval van Rekene, Musiek en Sang, en Kunsvlyt. Sommige skole het die gebruik om die twee periodes wat aan elk van Geskiedenis en Aardrykskunde en Natuurstudie toegeken word, direk na mekaar te laat volg. Dit bring mee dat die lesse in hierdie vakke ook langer as 'n halfuur sal duur.

In byna alle gevalle is die lesse in die gradeklasse aansienlik korter as die lesse in die standerds.

Die gemiddelde lengte van die periodes soos bevind by die 66 Transvaalse laerskole, is min of meer in ooreenstemming met die indeling van prof. Coetzee[1] nl.

van 10 tot 15 minute vir kinders van 6 tot 9 jaar.

van 20 tot 25 minute vir kinders van 9 tot 12 jaar.

van 30 tot 35 minute vir kinders van 12 tot 14 jaar.

Hierdie indeling geld vir die tradisionele laerskool met sy lesperiode-indeling. In die nuwere aktiwiteitskole verval hierdie indeling en kan werktye soms 'n uur en selfs langer duur.

---

1) Coetzee, J. Chr., Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 120.

(e) Die reëling van die pouses:

Uit die 66 skoolroosters wat nagegaan is, kom daar op 56 twee pouses per dag voor; dit wil dus blyk dat 'n groot aantal laerskole in Transvaal twee keer per dag pouse het. Die eerste een van 10 minute val ongeveer 1 uur 30 minute tot 1 uur 40 minute na die opening. Die tweede pouse van 20 minute val ongeveer 1 uur 30 minute tot 1 uur 40 minute na die eerste pouse. Hierdie gebruik is nie in ooreenstemming met die aanbeveling van prof. Coetzee[1] nie, nl. dat na die derde periode 'n lang pouse kom van 20 tot 25 minute en na die vyfde periode 'n kort pouse van 10 tot 15 minute. Hierdie gebruik blyk wel ooreen te kom met Inspekteursomsendbrief Nr. 1 van 1956 vir Kring Q (Aanhangsel) waar pouses van 10 en 20 minute daagliks aanbeveel word. Dit word aangeneem dat die 10 minute bedoel is vir die eerste pouse en die 20 minute vir die tweede pouse.

Dit wil voorkom asof die reëling van 2 pouses van 10 en 20 minute daagliks vir een-sessie skole doeltreffend is. Miskien kan die tweede pouse verleng word tot 25 minute om die leerlinge en onderwyser 'n beter ruskans te gee.

(f) Die verspreiding van die vakke oor die werkdag:

Wat bogenoemde aspek betref, is by die nagaan van die aantal laerskoolroosters die volgende vasgestel: Wat die eerste deel van die skooldag betref, is die patroon baie dieselfde. Die skooldag word met Bybelonderrig begin en direk daarna volg Rekene. Gewoonlik volg Voeding na Rekene en na Voeding kom dan die kort pouse. Tussen die kort en lang pouse kom meesal die onderrig in die twee tale, of die inhoudsvakke - Geskiedenis, Aardrykskunde,

---

1) Coetzee, J. Chr., Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 120.

Natuurkennis, Gesondheidsleer, - Liggaamlike Opvoeding, Musiek. Die praktiese vakke soos bv. Kuns, Kunsvlyt en Naaldwerk kom teen die einde van die skooldag, d.w.s. na die lang pouse. Vakke wat tussen die twee pouses kom, kom ook byna net so dikwels voor ná die lang pouse, t.w. die twee tale, inhoudsvakke, ens.

Soos reeds aangedui, dui die bevindinge daarop dat dit nie juis saak maak op watter uur van die skooldag 'n bepaalde vak onderrig word nie, mits ons 'n paar algemene dinge in gedagte hou:

(i) Verskuif die vaardigheidsvakke na die middag, aangesien die bevindinge toon dat vaardigheid steeds toeneem gedurende die werksdag.

(ii) Begin die dag met 'n maklike vak, aangesien die eerste periode die swakste is vir prestasie.

(iii) Plaas die moeilikste vakke of lesse tussen 11 en 12 uur of t.w. ongeveer 2 uur na die aanvang van die skooldag.

(iv) Wissel moeilike met maklike vakke af, ook teoretiese met praktiese lesse.

(v) Sorg ook vir afwisseling ter bevordering van die aandagsbepaling van die leerlinge.

'n Groot vraag in hierdie verband is om te bepaal watter vakke nou juis maklik en watter moeilik is. Die algemene opvatting is dat Rekene 'n moeilike vak is. Indien ons hiermee akkoord gaan, is dit dus foutief om die onderrig van Rekene net na Bybelonderrig te laat plaasvind en moet dit liewer verskuif word tot ongeveer 2 uur na die aanvang van die skooldag.

Die moeilikheid van skoolvakke hang nou saam met hul vermoeidheidswaardes. Volgens die ondersoeke van Nel[1)]

---

1) Nel, B.F.: Oor Vermoeibaarheid en die Vermoeidheidswaarde van die Vakke van die Skoolrooster; Christelike Skoolblad, Oktober 1935, 17.

en Wagner[1] wil dit voorkom asof die tweede taal en Aardrykskunde as vermoeiende vakke op die laerskool gereken moet word, terwyl Tekene en Godsdiensonderrig van die mins vermoeiende vakke beskou moet word. Wat die roosteropsteller hier in gedagte moet hou, is dat die vermoeiende vak nie juis altyd die moeilike vak is nie.

Op grond van Nel en Wagner se bevindinge mag die volgorde van vermoeibaarheid van die laerskoolvakke naastebу as volg geplaas word: Tweede taal, Aardrykskunde en Geskiedenis, Rekene, Gimnastiek, eerste taal, Natuurkennis, Gesondheidsleer, Skrif, Sang, Teken, Godsdiensonderrig.

(g) Die probleem van vermoeidheid op skool:

Die verspreiding van die rustye in Transvaalse laerskole blyk volgens hierdie ondersoek doeltreffend te wees om vermoeidheid by die leerlinge te voorkom. Die eerste pouse van 10 minute val nl. 1 uur 30 minute tot 1 uur 40 minute na die opening van die skool en die tweede pouse van 20 minute val ongeveer 1 uur 30 minute tot 1 uur 50 minute na die eerste pouse. 'n Tweede pouse van 25 minute is aan te beveel.

Volgens die roosters skyn dit ook asof daar genoeg voorsiening gemaak word vir afwisseling van aktiwiteite.

(h) Die Skool- en Huisomgewing:

Volgens die ontleding van die aantal skoolroosters afkomstig uit verskillende dele van Transvaal, wil dit voorkom asof hierdie faktor slegs invloed uitoefen op die lengte van die skooldag. Tabelle XXXVIII tot XL toon die gemiddelde lengte van die skooldag vir die standerds volgens die ligging van die skole. Dit blyk nl. dat die gemiddelde lengte van die skoolweek aan Randse skole die hoogste is nl. 27 uur 18 minute; daarna volg Plattelandse dorpe met 26 uur 33 minute; Pretoria-Stad met 26 uur 19

---

1) Coetzee, J. Chr., Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 121.

minute en laastens Plattelandse skole (plaasskole, sentrale skole) met 26 uur 13 minute. Dit is moeilik om hierdie verskille in die lengte van die skoolweek te verklaar. Moontlike verklaringe mag wees die afstande wat die leerlinge na die skool moet aflê; die klimaatstoestande van die omgewing; die vereistes van die plaaslike skoolinspekteurs.

(i) Die Voorskrifte van die Owerheid:

Alle roosters wat nagegaan is, gee uitvoering aan die voorskrifte van die owerheid soos uiteengesit onder tegniese aspekte van roostersamestelling. (Die roosters voldoen nie aan die jongste voorskrifte van die owerheid t.o.v. Liggaamsoefeninge nie, daar hierdie ondersoek gedoen is voordat die jongste voorskrifte van krag was).

(j) Werkverdeling van die personeel:

Hierdie is nie so 'n moeilike probleem op die laerskool nie, aangesien die onderwysers gewoonlik vir al die vakke in hulle klas verantwoordelik is. In baie skole egter is so 'n werkverdeling tog nodig aangesien alle onderwysers nie in staat is om alle vereiste vakke te onderrig nie bv. Sang, Kuns, Liggaamlike Opvoeding. So 'n werkverdeling is elke skool se huishoudelike saak en hang af van die beskikbare personeel.

(k) Geleentheid vir indiwiduele selfwerksaamheid:

Weens die aard van hierdie faktor is dit waarskynlik meer 'n probleem vir die klasonderwyser as vir die roosteropsteller tensy die skool as geheel sulke geleenthede wil voorskryf in die weeklikse rooster.

Uit die roosters wat die ondersoeker nagegaan het, was dit nie vir hom moontlik om af te lei of sekere skole voorsiening maak vir indiwiduele selfwerksaamheid nie.

(l) en (m). Die organisasie van die skool en van die leerplan:

Die roosters wat nagegaan is, is almal afkomstig uit skole met die tradisionele vakindeling. Geeneen van die nuwere planne vir skoolorganisasie of leerplanorganisasie kon deur die ondersoeker uit die skoolroosters afgelei word nie.

SAMEVATTING:

Die skole waarvan die roosters nagegaan is, het almal 'n skooldag met net een sessie. Dit lyk dus of daar weinig skole in Transvaal kan wees wat die twee-sessie stelsel volg.

Die lengte van die skooldag lê tussen 5 en 6 ure vir die standerds en is ongeveer 'n halfuur korter vir die grade.

Die gebruik is taamlik algemeen om die skooldag met twee pouses te onderbreek; die eerste 10 minute en die tweede 20 minute lank. Die drie sittings is elkeen gemiddeld ongeveer 1 uur 30 minute tot 1 uur 40 minute lank.

Die leerplan word deur die owerheid voorgeskryf en al 66 skole gee hieraan uitvoering. Die leerplan vergelyk gunstig met dié in sommige oorsese skole.

Die tyd wat aan die vakke bestee word, is in 'n paar gevalle minder as in oorsese skole, dit geld veral die eerste taal en ook Aardrykskunde en Geskiedenis. Die tyd wat aan Liggaamlike Opvoeding bestee word, is ook laag in vergelyking met die tyd daarvoor toegeken in sommige oorsese skole. Die jongste voorskrifte van die owerheid i.s. Liggaamlike Opvoeding wat tydens hierdie ondersoek nog nie van krag was nie, laat egter meer reg aan hierdie vak geskied wat tydtoekenning betref.

Volgens die verkreë roosters duur die lesse in Transvaalse laerskole gewoonlik van 15 tot 30 minute behalwe

in sommige vakke o.a. Kunsvlyt en Rekene waar dit langer duur. Oor die algemeen duur die lesse in die grade korter as in die standerds. Die ouderdom van die kind en die aard van die vak en les vorm dus hier belangrike faktore by die bepaling van die duur van die les.

Die skooldag begin meesal met Bybelonderrig; daarna kom Rekene gevolg deur Voeding met 'n kort pouse daarna. Daar is geen vaste volgorde van vakke vir die res van die skooldag nie, met die uitsondering van Kunsvlyt wat gewoonlik teen die einde van die skooldag onderrig word.

Die skool- en huisomgewing het blykbaar tot 'n mate invloed op die skoolrooster vir sover dit die lengte van die skooldag betref, daar die lengte van die skool e.a. faktore direk aan die huis- en skoolmilieu gekoppel kan word.

Die voorskrifte van die owerheid word nagenoeg deurgaans nagekom.

Daar kan nie uit die verkreë roosters met sekerheid vasgestel word hoedanig die werkverdeling van die personeel is nie, en ook nie of daar geleentheid geskep word vir individuele selfwerksaamheid by die leerlinge nie.

Dit blyk uit die roosters dat in die 66 laerskole die tradisionele vakindeling gehandhaaf t.o.v. leerplanorganisasie en dat die leerlinge wat skoolorganisasie betref, horisontaal in klasse of standerds ingedeel word.

- - - - - - - - - - - - -